Skrywersfeesprogram 2022

Maandag, 10 Oktober 2022

Die kapokdokter

Fiksie

Die lewe van die briljante, dog raaiselagtige dr. John Barry, persoonlike arts van Lord Charles Somerset, was die vonk vir Francois Loots (*Die kapokdokter*) se nuwe roman, waaroor Heinz Mödler hom uitvra. Dit, en Barry se geheim: Ná sy dood in Londen is ontdek hy was ’n sy ... Elton Landrew lees voor.

60 min | 10 Oktober 09:00 | Die Khaya | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Umuzi

Whitey: Shoprite se sakereus

Sakebiografie

Esmaré Weideman gebruik die kans om Whitey Basson (*Whitey Basson, koning van die kleinhandel,* met Niel Joubert) uit te vra oor wat gebeur het ná hy die sukkelende OK Bazaars vir een rand gekoop het en van ’n paar winkeltjies in die 35ste grootste kleinhandelaar ter wêreld ontwikkel het, en hoe sy kinderjare as plaasseun hom daarvoor gebrei het.

60 min | 10 Oktober 09:30 | Boektent | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Tafelberg

Vroulike begeerte

Skryfkuns

Azille Coetzee (*Die teenoorgestelde is net so waar*), Veronique Jephtas (*Soe rond ommie bos*) en die Kanadese digter Klara du Plessis lees voor en praat pront oor vroulike begeerte – die plesier van seks, flirt en fantaseer – en watter moontlikhede daar in die Afrikaanse taal is om kreatief hieroor te skryf

60 min | 10 Oktober 10:30 | Die Khaya | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Human & Rousseau en Protea Boekhuis

Dan Sleigh, speurwerk en pseudo-geskiedenis

Geskiedenis

Matilda Burden gesels met Dan Sleigh (*Retoervloot*) oor o.m. sy dokumentasie van die oorsprong van die Kaap se eerste pokke-epidemie en die massaslagting wat daarop volg (’n dronk seiner het nie die besmette VOC-skip die hawe sien binnevaar nie). Maar die twee bekyk ook die verskil tussen geskiedskrywing en kroniekskrywing en pseudo-geskiedenis.

60 min | 10 Oktober 11:00 | Boektent | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Tafelberg

Die skrywer as kamera-oog
Fiksie
Bibi Slippers deel Tom Dreyer (*Kodachrome*) en Hans Pienaar (*Kaap*) se sin vir die absurde wat telkens kleurryke woordkiekies oplewer van hoe vermaaklik mense kan wees. Soos Napoleon, wat sy moses teenkom in die vorm van ’n aanslag hase, en Marnus, die *libtard* met struggle *credentials*, wat sy eie medisyne proe.
60 min | 10 Oktober 12:30 | Oude Leeskamer | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Protea Boekhuis

Die tale wat ons praat
Taal
Skryf-Afrikaans dans deesdae in ’n velerlei variante uit alle hoeke van die land, soos Donovan Lawrence uitvind wanneer hy Dianne Du Toit Albertze (*bottelnek breek bek*), Grant Jefthas (*Afvlerkmens*), Elias P. Nel (*Die Jirre is my Wagter*) en Loit Sôls (*Moerstaāl*) uitvra oor hulle spel met Gayla (sg. moffietaal), Sabela (tronktaal), Namakwalands, “skiem”-Afrikaans van HOP-huisskemas, Boesmanlands en die inspirasie van Khoekhoegowab in Ghoema.
60 min | 10 Oktober 14:00 | Boektent | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Human & Rousseau, Kwela, Lux Verbi en Minimal Press

Dossier van ’n polisie-sielkundige
Misdaad-niefiksie
Gérard Labuschagne (*Profiler Diaries 2*) gesels met die misdaadskrywer Irma Venter oor sy 14 jaar in die polisie, waar hy as ondersoekende profileerder (*profiler*) minstens 110 reeksmoorde ondersoek en ná 200 reeksverkragters “ophou tel” het. G’n wonder die FBI het hom al laat roep om van hulle profileerders op te lei nie.
60 min | 10 Oktober 15:30 | Boektent | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Penguin

Dinsdag, 11 Oktober 2022

Tiek ons boksies in kinderboeke?
Debat
Magdel Vorster in gesprek met André Trantraal, Cliffordene Norton, Joha van Dyk en Zelda Bezuidenhout

Magdel Vorster vra vier jeug- en kinderboekskrywers uit nadat kinderboeke onlangs onder skoot gekom het as te "resepmatig". Zelda Bezuidenhout (*Die 3 van ons, Anderkant die blou*), Cliffordene Norton (*Om jou te ken*), Sala-pryswenner André Trantraal (*Keegan en Samier: Die sokker-fiasko*) en die 25-jarige Joha van Dyk (*Vuurvreter*) praat oor wat hulle dink belangrik is en hoe hulle dit doen.
60 min
| 11 Oktober 09:00 | Die Khaya | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Human & Rousseau, LAPA, Pan Macmillan en Tafelberg

Mediamagnaat Koos Bekker

Sakebiografie
Ryk van Niekerk vra reguit vrae aan TJ Strydom (*Koos Bekker's Billions*) oor sy ongemagtigde biografie van Naspers se mediamagnaat. Danksy sy visie en briljante strategiese vermoëns is Koos vandag die vierde rykste mens in SA met 'n netto waarde van 2.2 miljard dollar, maar sy persoonlike lewe is 'n raaisel.
60 min | 11 Oktober 09:30 | Boektent | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Penguin

Nuwe lewe vir die Gaatjie-seun

Inspirasie
Ivor Swartz (*Kies die lewe*) maak sy hart ~~oop~~ teenoor Pieter van Zyl oop oor die oomblik toe hy sy dwelmverslaafde broer geskiet en noodlottig gewond het. Maar die seun van *Verlore seun van die Gaatjie* het die lewe bo depressie verkies en is vandag 'n jeugpredikant wat uitreik na ander in soortgelyke donker plekke.
60 min | 11 Oktober 10:30 | Die Khaya | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Lux Verbi

Antjie Krog: Plunder

Digkuns
Azille Coetzee kry die kans om saam te blaai deur Antjie Krog (*Plunder*) se jongste bundel, waarin die digter op 70 temas ondersoek, soos die landskap van die vrou, die huwelik, die aftakeling van die lyf en die vreugde van klein gesinsoomblikke (wanneer jy agterkom jou kinders het 'n WhatsApp-groepie om *oor* jou te praat, maar nie *met* jou nie ...) Antjie lees voor en, as bonus, ook uit haar kinderboek *Vetplantfeetjies*.
60 min | 11 Oktober 11:00 | Boektent | R85, R100 by die deur
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Human & Rousseau en *Umuzi*

Koos Prinsloo oor begeerte en slagting

Fiksie

In *Slagplaas*, sy plofbare bundel kortverhale van 1992, beeld Koos Prinsloo die wêreld uit as ’n plek van begeerte en slagting en plaas hy manlike seksualiteit en queer-identiteit in die kollig. Charl-Johan Lingenfelder gesels met Gerrit Olivier (Koos Prinsloo: *Place of Slaughter and Other Stories*) oor sy vertaling en die impak van Koos se werk 30 jaar later.

60 min | 11 Oktober 12:30 | Oude Leeskamer | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Fourthwall Books

Daar’s ’n vegan op my verandah

Kosboek

Vir die een het die vegan-kosreis al sewe jaar gelede begin; vir die ander was dit ’n nuutjie. Maar hulle vegan-resepteboek was ’n gesamentlike reis, vertel Isabella Niehaus en Louis Jansen van Vuuren (*Daar’s ’n vegan op my verandah*) aan Carel Nolte. Daarmee wil hulle wys hoe kreatief en voedsaam jy uit ’n eenvoudige kombuistuin kan kook.

60 min | 11 Oktober 12:30 | Boektent | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Easy Equities

Manne, misdaad en Mills & Boon

Misdaadfiksie

Vier manne kuier tesame wanneer Kerneels Breytenbach die misdaadskrywers Sidney Gilroy (*Vlam*), Marnus Hattingh (*Zanzibar Zen*) en Julio Agrella (*Zeus van Wyngaardt en die skrikgodin*) uitvra oor die onheilighede wat op klein dorpies uitbroei, hoe hulle stomme speurders (of speurende joernaliste) soms aftjop, en natuurlik die stomende liefdeseskapades.

60 min | 11 Oktober 15:30 | Boektent | R85, R100 by die deur

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Human & Rousseau, Protea Boekhuis en Queillerie

Woensdag, 12 Oktober 2022

Slypskool met Zarine Roodt

Hoe maak jy ’n kopskuif wanneer die lewe die mat onder jou uitruk? Het jy geweet jy kan troos vind in jou eie woorde op papier? Zarine Roodt (’n Dagreis ver) het die insig wat sy gekry het tydens die stap van die Portugese Camino in ’n boek verwoord. Kom leer by haar hoe om met jouself op papier kennis te maak. Kry praktiese wenke oor hoe om die “geraas” in jou kop te hanteer en al skrywende weer lewensbetekenis te vind.

180 min | 12 Oktober 08:15 vir 08:30 Koffie, tee en happies ingesluit | Die Khaya | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Naledi

Van Fritz Deelman tot slimstede

Toekomsfiksie

Slimstede, slimhuise, MediBots en cyborgs, en Bloemfontein wat Xin Xianggang heet ... Dis van die enkele verbeeldingsvlugte waaroor **Beer Adriaanse** met **Willem Anker (*Skepsel*)**, **Anton Roodt (*Weerlose meganika*)** en **Madelein Rust (*Moederland*)** praat wanneer hy hulle uitvra oor verbeelding versus voorspellings in toekomsfiksie sedert die dae van Fritz Deelman se beeldtelefoon.

60 min | 12 Oktober 09:30 | Boektent | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Queillerie en Tafelberg

Die private Franz Marx

Biografie

Sandra Prinsloo kry die kans om saam met drie ou vriende van die bekende akteur en TV-regisseur Franz Marx te kuier en foto's te wys wanneer sy vir **Chris Vorster (*Franz Marx: Uit die perd se bek*)**, **Nic de Jager** en **Marida Swanepoel** uitvra oor die mens wat hulle by die huis geken het – die een wat voorheen getroud was, 'n pa en oupa was en dikwels gesê het mense daarbuite "weet nie van my private lewe nie".

60 min | 12 Oktober 11:00 | Boektent | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Protea Boekhuis

Die lang reis van Marie Buisset

Geskiedenis

'n Franse weeskind se huwelik met 'n Kaapse medikus oud genoeg om haar pa te wees lei haar na 'n wilde voorpos, waar die nood van vroue haar só aangryp dat sy kort voor lank die Kolonie se eerste vroedvrou word. **Lizette Rabe** hoor by **Joan Kruger (*Wieg*)** hoe bykans vergete dokumente haar op die spoor gesit het van die Du Plessis-stammoeder.

60 min | 12 Oktober 12:30 | Oude Leeskamer | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Litera

Op 'n queer journey

Gender

Dianne Du Toit Albertze (*bottelnek breek bek*) en **Elise Bishop (*Twee lewens*)** praat met **Hanzline Davids** oor gender-identiteit, seksualiteit en tuis voel in jou eie vel in gemeenskappe waar "anders" dikwels "misfit" beteken.

60 min | 12 Oktober 15:30 | Boektent | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Hemel & See Boeke en Human & Rousseau

Boekklub

Sheila Cussons 100: In die klipknoets van haar vuis

Digkuns

In die 1940's skryf Sheila Cussons kortverhale gegrond op haar fantasievlugte as 'n kind op 'n sendingstasie. Sy noem dit haar eintlike biografie. Karen de Wet gesels met Adriaan Potgieter (*In die klipknoets van haar vuis*), Amanda Botha en Herman Lategan oor die digter, en hoor hoe *Gestaltes 1947* Adriaan gelei het tot 'n Jungiaanse beskouing van haar kreatiwiteit en 'n unieke dubbelboek, wat haar eeufees gedenk. Luister ook na 'n voorlesing deur Cussons self.

75 min | 12 Oktober 18:15 vir 18:45, Gratis glas vonkelwyn van 18:15 | Hofmeyrsaal | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Hemel & See Boeke

Donderdag, 13 Oktober 2022

By die selfdood van 'n kind

Eieverhaal

In haar gesprek met Marida Fitzpatrick gee Matty Strydom (*Hier waar ek nou is*) 'n kykie in haar aangrypende boek oor die selfdood van haar 19-jarige dogter, Jess, en hoe sy daarna probeer "huishou" met haar smart, onder meer deur in Suidoos-Asië te gaan skoolhou, met Jess die onsigbare reisgenoot in haar dagboekinskrywings. Cintaine Schutte lees voor.

60 min | 13 Oktober 09:00 | Die Khaya | R

Taal: Afrikaans

Aangebied deur Protea Boekhuis

Thieves, Spies and Whistle-blowers

Politics

State capture has been exposed, and investigations by the NPA are underway. However, it's the "what now, and how" that Ilse Salzwedel figures out in a lively conversation with OUTA's forensic investigator Rudie Heyneke (*Permitted Plundering*, with Ilse Salzwedel), the former Scorpion boss Bulelani Ngcuka (*The Sting in the Tale*, with Marion Sparg) and former government spokesperson and whistleblower Themba Maseko (*For My Country*).

60 min | 13 October 09:30 | Book Tent | R

Language: English

Presented by Jonathan Ball Publishers en OUTA

Gerda Taljaard: Vier susters

Fiksie

Vier susters by 'n begrafnis op die familieplaas. Dis 1945, die Tweede Wêreldoorlog. Daar's spanning tussen Sap en Nat, die Rooilussies en die Ossewabrandwag, en elkeen van die susters het haar eie hunkering. Totdat 'n Italiaanse krygsgevangene opdaag. Elna van der Merwe lok Gerda Taljaard (*Vier susters*) uit om méér te vertel. Nicole Holm lees voor.

60 min | 13 Oktober 10:30 | Die Khaya | R

Taal: Afrikaans
Aangebied deur Penguin

Zirk van den Berg: Die onsigbare pou

Fiksie
Frank Opperman, wat lewe geblaas het in die verhoogweergawe van *Ek wens, ek wens*, vra Zirk van den Berg (*Die onsigbare pou*) uit oor die onverwagse wegholsukses van sy grootmenssprokie en die vonk vir sy "Bellville-bromance" tussen 'n verloopte popsensasie en sy jeugvriend en oud-agent.
60 min | 13 Oktober 11:00 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Kwela

Ena Jansen: Die tienduisend dinge

Nederlands-fiksie
Kirby van der Merwe gesels met Ena Jansen (*Die tienduisend dinge*) oor haar vertaling van dié boek deur Maria Demoût, die Nederlands-Indiese skrywer wat op Java gebore is. Hulle bekyk veral die boek se wêreld, die Indonesiese spesery-eiland Ambon vóór die Tweede Wêreldoorlog, en hoe verlies getemper word deur die opnoem van geliefde "dinge", soos plante en skulpe.
60 min | 13 Oktober 12:30 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Protea Boekhuis

Siphiwe Gloria Ndlovu: The Quality of Mercy

Fiction
Willie Burger talks to Siphiwe Gloria Ndlovu (*The Quality of Mercy*), the Windham Campbell Prize winner from Bulawayo who made headlines with her novels, *The Theory of Flight* and *The History of Man*. They discuss her latest book, where a detective is confronted with his first "white" case and the search for justice that characterises her fiction and film work.
60 min | 13 October 12:30 | Oude Leeskamer | R
Language: English
Presented by Penguin

Johan Myburg: Narreskip

Digkuns
Die enigste manier waarop enigeen in SA kan oorleef, is om die korrupsie en onbevoegdheid van die regeringsamptenare satiries uit te beeld, is al van die Hertzogpryswenner Johan Myburg (*Narreskip*) se jongste digbundel gesê. Louise Viljoen vra hom uit oor sy "ship of fools".
60 min | 13 Oktober 15:30 | Boektent | R

Taal: Afrikaans
Aangebied deur Protea Boekhuis

Boekklub
'Mr Entertainment' Taliep Petersen
Biografie
In Sylvia Vollenhoven se gesprek met Paula Fourie (*Mr Entertainment: The Story of Taliep Petersen*), Taliep se dogter Jawaahier Petersen, en sy ou vriend Terry Fortune word die wêreld van ons eie "Mr Entertainment" voor die oë geroep: die Kaapse Klopse van die 1950's, die struikelblokke in 'n vermaaklikheidswêreld verdeel deur Apartheid, die juigende gehore van latere jare, en die tragiese einde van 'n inspirerende mens. Jody Abrahams lees voor.
75 min | 13 Oktober 18:15 vir 18:45, Gratis glas wyn van 18:15 | Hofmeyrsaal | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur LAPA

Vrydag, 14 Oktober 2022

Marida Fitzpatrick: Mara
Fiksie
Oor net twee dinge is Rakie Bouwer seker: haar broer is dood as kind en sy moet uitvind hoe. Michele Meyer en Marida Fitzpatrick (*Mara*) ondersoek die boustene van haar sielkundige riller en hoe die binnelewe van vroue, die verhouding tussen identiese tweelinge en familiegeheime 'n rol speel.
60 min | 14 Oktober 09:00 | Die Khaya | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Tafelberg

Randfigure – kantaantekeninge of hoofkarakters?
Debat
In Mei verskyn Hennie van Coller se rubriek, "'Gewone mense' word al hoe meer randfigure". Na aanleiding van die heftige reaksie hierop stel Loftus Marais twee vrae aan Hertzogpryswenner SJ Naudé (*Dol heuning*), Bettina Wyngaard (*Jagter*), die blinde Ingrid Jonkerpryswenner *Jacques* Coetzee (*An Illuminated Darkness*) en Eugène Maraispryswenner Ashwin Arendse (*Swatland*): In hoeverre sien lesers uit gemarginaliseerde groepe – dié wat queer is, swart, gestrem, of in armoede leef – 'n egte uitbeelding van hulle wêreld in Afrikaanse kreatiewe skryfwerk? En behoort letterkunde verteenwoordigend van alle groepe te wees?
60 min | 14 Oktober 09:30 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Kwela, uHlanga Press en Umuzi

Sneeu in die Karoo

Fiksie
Terwyl Jeanne Goosen saam met haar huishulp, Agnes Morao, vir ’n wegbreek op Nieu-Bethesda was, het altwee geskryf, Jeanne in Afrikaans en Agnes in Tswana. Dié novelles verskyn nou saam as ***Sneeu in die Karoo***, met die uitgewer Petrovna Metelerkamp en vertaler Tendai Magumise wat foto’s wys en stories deel met Jackie Nagtegaal.
60 min | 14 Oktober 10:30 | Die Khaya | R
Taal: Afrikaans en Engels
Aangebied deur Hemel & See Boeke

Jacques Pauw: Our Poisoned Land

Politiek
Max du Preez neem Jacques Pauw (***Our Poisoned Land: Living In the Shadows Of Zuma’s Keepers***) terug na wat gevolg het direk na die dramatiese verskyning van *The President’s Keepers* – die verrassingsbesoeke van die Veiligheidspolisie, stapels dagvaardings en die bedanking van Jacob Zuma – en gee dan ’n voorsmaak van wat, vyf jaar later, in sy opvolgboek verwag kan word.
60 min | 14 Oktober 11:00 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Tafelberg

Nic van Wyk: Brood en botter

Kosboek Die *Kokkedoor*-beoordelaar, geliefde sjef en restaurateur Nic van Wyk (***Brood en botter***) vier 21 jaar in die kosbedryf met sy eerste kookboek. Hierin loop hy terug op die spore van sy gunsteling-onthoukos – soos sy Ouma Lenie se boontjiesop, deel hy onopgesmukte restaurantkos en verklap wat’s sy hartskos. Kom geniet ’n viergangmaaltyd met Nic as gasheer en Anzel Stofberg Rabie as sy gesprekgenoot.
180 min | 14 Oktober 12:00 | Kleine Zalze Restaurant | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Human & Rousseau

Als is nie net swart en wit nie

Eieverhaal
Mans praat nie oor depressie nie. Maar in sy gesprek met Malvory Adams (***Als is nie net swart en wit nie***) delf Julian Jansen in ’n hel wat begin met die moord op ’n geliefde ouma, verontmensliking en ’n mislukte poging tot selfdood en kyk hy ook na die ervaring van nie-wit joernaliste by die Pers wat uiteindelik tot die skryf van dié dapper boek sou lei.
60 min | 14 Oktober 12:30 | Oude Leeskamer | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Naledi

Misdaadsusters Dibi Breytenbach en Irma Venter

Misdaadfiksie
Of dit nou ’n vreeslose joernalis is wat haar na die terreurgesteisterde Cabo Delgado haas, of ’n speurder wat nie skroom om te gaan snuffel waar sy nie welkom is nie, Dibi Breytenbach (*Buit*) en Irma Venter (*Die verkeerde vrou*) se gatskopsussies stuit vir niks nie en politieke kwessies word moeiteloos gemeng met duiwelse humor. Nadine Petrick doen die vrawerk.
60 min | 14 Oktober 15:30 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Human & Rousseau en Kwela

Boekklub
Sean Davison: Die prys van genade
Niefiksie
Wanneer het ’n mens die reg om sy eie lewe – en pyn – te beëindig? Dié vraag lê aan die hart van ’n persoonlike video wat Sean Davison (*The Price of Mercy: A fight for the right to die with dignity*) oor sy ervaring en huisarres met die gehoor deel. Martie Meiring stel dieselfde vraag aan Willem Landman, Chris Jones en Dieter Harck, wat aan ongeneeslike motorneuronsiekte ly en deel is van ’n hofstryd om die wettiging van aktiewe bystanddood.
75 min | 14 Oktober 18:15 vir 18:45, Gratis glas wyn van 18:15 | Hofmeyrsaal | R
Taal: Afrikaans en Engels
Aangebied deur Melinda Ferguson Books

Saterdag, 15 Oktober 2022
Twee lewens: Elise Bishop
Eieverhaal
Die 70-jarige Elise Bishop (*Twee lewens*) gesels met Elmari Rautenbach oor haar kinderjare as ‘n seuntjie wie se kosbaarste besitting sy rooi handsakkie was, en haar nuwe lewe, wat op 23 in ’n operasiesaal begin het toe Pierre Elise word en sodoende een van die eerste Suid-Afrikaners om ’n volledige geslagsverandering te ondergaan.
60 min | 15 Oktober 11:00 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Hemel & See Boeke

Lindie Stander: Agter my glimlag
Eieverhaal
Die bekende *Binnelanders*-aktrise Lindie Stander (*Agter my glimlag*) probeer aan Llandi Beeslaar verwoord hoe dit voel om die een dag nog die geliefde Elise te wees, en die volgende in ’n bloedbevlekte bed in ’n staatshospitaal wakker te word – en te wéét jy is jou lewe, soos jy dit geken het, kwyt.
60 min | 15 Oktober 12:30 | Boektent | R
Taal: Afrikaans
Aangebied deur Tafelberg

Book Club

Sydney Kentridge: Colossus of the Legal World

Biography

On November 5, Sir Sydney Kentridge turns 100 years old. This legal giant's brilliant and multifaceted career – initially as one of the country's most prominent anti-apartheid lawyers – is reassessed during a discussion between Thomas Grant (*The Mandela Brief: Sydney Kentridge and the Trials of Apartheid*), Dikgang Moseneke, Jeremy Gauntlett and Geoff Budlender, led by Johann Kriegler. Thuli Madonsela will welcome guests.

75 min | 15 October 18:15 for 18:45, free glass of sparkling wine from 18:15 | Ou Hoofgebou Room 1023 | R

Language: English

Presented by Jonathan Ball Publishers